

Pci/117/10/86



'N TOESPRAAK
deur
GENERAAL SMUTS

(HERDRUK)

DIE Hervormde Kerk se euteesviering het onlangs op Potchefstroom plaasgevind. By daardie geleentheid, op 25 Maart, 1942, het die Eerste Minister, Generaal Smuts, persoonlik en namens die Staat, die oudste Kerk in die Transvaal, op hierdie heuglike gebeurtenis gelukgewens en 'n treffende toespraak gelever.

Ek waardeer die voorreg om vandag hier teenwoordig te wees by die viering van die Eeufees van die Nederduits Hervormde Kerk in Transvaal. Ek verwelkom die geleentheid om in persoon my gelukwense sowel as die van die Staat aan die oudste Kerk van Transvaal te bring met hierdie heuglike gebeurtenis in haar geskiedenis.

Transvaal is nog 'n baie jong land en eeufeste is by ons nog 'n seldsame rareiteit. Sover my bekend, is hierdie ons tweede eeufesviering en die ander dergelike gebeurtenis is ook hier te Potchefstroom enige jare gelede gevier toe ons die stigting van hierdie moederdorp van Transvaal herdenk het. Hierdie tweede eeufes is dus 'n merkwaardige en gedenkwaardige gebeurtenis nie alleen vir die Kerk maar ook vir ons land en dit is gepas dat ook van staatsweë hulde by so 'n uitstaande geleentheid gebring word.

Wat 'n wonder eeu vir ons! Vandag gedenk ons nie aan 'n eeu van onreg, maar aan die uitslag, aan 'n eeu van wonder en mirakele, wat ons deur groot gevare en diepe waters heengevoer het na die stewige bodem waarop ons vandag kan staan. Veel, onuitspreeklik veel is in hierdie honderd jaar van ons wordingsgeskiedenis gebeur, veral veel waaraan ons vandag in dankbare herinnering kan terugdink. Dit sou nie menslik wees, nog minder sou dit Kristelik wees, as ons vandag nie ons harte in diepe dankbaarheid verhef na die Voorsienigheid wat ons op paaie gelei het wat vir ons, nog gedurende die trek self, in duisternis gehul was.

Van die Voortrekker-dorpie, so te sê in barenood gebore, na die rampe in Natal, is ons gegroei en voortgegaan na 'n land van grote stede en grootskaalse ontwikkeling wat die wereld se bewondering wek, 'n land miskien baie anders as die Voortrekkers voorsien het, maar 'n land wat meer as hul stoutste verwagtings van 'n vrye tuiste in die binnelande van Afrika reeds verwesenlik het. En nog is die einde nie, nog lei die pad van Suid-Afrika vorentoe, na die verre horisonte. Vandag, waar ons dink aan die Kerkie van 1842 en die groot uitgebreide Nederduits Hervormde Kerk van vandag met haar meer as 100 gemeentes, dink ons ook aan die Potchefstroom van 1839, en die moderne stad van vandag, met 'n nog so groot toekoms vóór haar. En ons vier fees in dankbaarheid, in hoop en vertroue op die toekoms.

Mag ek by hierdie geleentheid my waardering uitspreek vir die pragtige Eeufees-Album wat deur Prof. Engelbrecht op sulke bekwame wyse opgestel is vir hierdie viering, 'n ware plesier om te lees en 'n bron van waardevolle historiese feite nie alleen vir die Kerk maar vir die hele volk. Ek wens te getuig van die genoeë waarmee ek veral die fotografieë van leiers in Kerk en Staat en van oorspronklike briewe en stukke deurgesnytelik het. En nie alleen van leiers nie, maar ook van die voorbeeldige eenvoudige vaders en moeders wat so pragtig bygedra het tot die sukses, wat hulself nie gesien het nie, maar waarin ons vandag deel. Daardie Album is 'n band met die verlede wat ek hartlik by alle Afrikaners kan aanbeveel.

Vandag, by hierdie herdenking aan die verlede, gevoel ek my veral getrokke na daardie voorgeslag, met wie ek die voorreg had as jongmens my publieke diens te begin, en saam met hul na 'n beter toekoms te soek en te strew. Trouens die gehele mensheid is vandag in daardie stryd om 'n beter bestaan gewikkel. Maar daar is 'n groot verskil tussen toe en tans. In die grote wêreld van vandag is daar nie alleen gisting, woeling, worsteling, smart en lyding op 'n skaal ongekend in die geskiedenis: daar

is meer. Die huidige malaise van die mensheid gaan nog dieper. Hoe swaar ons ook in die verlede gehad het, was daar tog 'n lig op ons pad, ons het die regte weg van kindsbeen af geken, al het ons dit nie altyd bewandel nie. Daar was 'n tradisionele geestelike wêreldorde wat algemeen erken was, en wat 'n vaste anker was vir die sielelewe van die mensheid en die beskaafde maatskappy. Daar was geen twyfel of verwarring oor grondbeginsels nie. Vandag is dit nie meer so nie.

Ons staan, as 't ware, by 'n groot breek of skeiding in die geskiedenis, in 'n krisis waarin die ou tradisies en beginsels nie meer vir aangeneem beskou word nie, waar 'n groot gedeelte van die mensdom rondtas en soek na 'n nuwe wêreldbeskouing, 'n nuwe lewensbeginsel, 'n nuwe kode om te volg en te gehoorsaam. In hierdie krisis kan ons koers verloor en loop ons gevaar van 'n onmetelike ramp vir die beskawing. Ons soek na 'n kortweg na ekonomiese en maatskaplike hervormings, en loop gevaar die grondbeginsels te versaak waarop ons kristelike beskawing gebou is. Om as 'n beeld te gebruik, ons loop gevaar van ons geestelike geboortereg te vervuil vir stoflike goed. Selfs die Kerk raak in die gedrang en in die nuwe stroom. Daar is maar te veel tekens daarvan.

So 'n ontwikkeling sou 'n groot ramp vir die geestelike belange van die mensheid wees. Vandag aanskou ons op wêreldwye skaal die mislukking van die politieke nasionalisme en materialisme om die dieper behoeftes van die mensegees te bevredig. Hierdie mislukking, tesame met die namelose smarte van ons geslag, sal na 'n herlewing van godsdienstige geloof lei. Die Kerk moet haar uit hierdie politieke en materiële stryd uithou, so dat sy van diens kan wees in die godsdienskrisis wat heel moontlik op hande is.

Nie dat die kerk geen belang moet stel in die ekonomiese toestande nie. Dat daar groot ekonomiese euwels en maatskaplike wanverhoudinge bestaan, word algemeen erken. Hul moet weggeruim word, tensy ons na die afgrond wil. Maar dit kan en behoort te geskied sonder die toevlug te neem na nuwe planne of nuwe ordes wat ons grondbegrippe en beginsels gaan aantast en ondermyn.

Sprekende as iemand van langer en wyer lewenservaring en nadenking as baie andere, wil ek dit sê: Ideologies het die wêreld m.i. fundamenteel geen nuwe orde of plan van node, maar alleen die eerlike en moedige toepassing van die historiese Kristelike idee. Ons Kristelike beskawing is gegrondves op 'n ewige orde, 'n eindelose plan in die Boodskap van Christus. Baie nuwe boodskappe en boodskappers sal in hierdie troebel tye verskyn. Laat ons vashou aan die ewige Boodskap. Laat ons volg daardie lig wat die wêreld eenmaal gesien het, die grootste lig wat ooit oor ons menslike horizon opgegaan het, en wat ons gewis sal lei na die beter wêreld waarna ons bange harte verlang.

Waar ons in hierdie donkere smartvolle dae van oorgang na die Leier soek, sien ons nie die man van Moscow, nie die man van München, nie die man van Rome, maar die Man van Galilea. Ons sien hom rondgaande in al die dorpe en wyke, onderwysende, verspreidende sy Boodskap van die nuwe Koninkryk, helende alle kwale en siektes. En sy Boodskap is: Dra in liefde jou ewemens op jou hart, afgesien van ras of taal; bewaar die Goddelike Idee in jou hart as jou hoogste goed. Die liefde vir God en mens is die uiteindelijke antwoord op al die onoplosbare vrae van alle tye. Daar is die lig op die pad van die mensheid vir die laaste tweeduisend jaar. Daar is die program ook vir ons Kerk van hede, en vir die mensheid wat vandag daar rondmaal as verbysterde skape sonder wagter. Die Man van Galilea is en bly ons ene, ons enige Leier. En laat veral die Kerk, as die draagster van daardie boodskap, Hom alleen volg. In daardie boodskap is ons vrede, en die eenheid waarna ons soek, daar, en nergens anders.